

Suiderkruis

'n Gemeente vir Oud en Jonk



Lewe & Liefhe
In God se
Wêreld.

ONDER ONS 2021

Redaksie: Ds Coenie Galitz, Elize van Niekirk,
& Hester de Beer
Posbus 5253, Kockspark, 2523
Tel & Faks 018 2947939
E-pos: elize@suiderkruis.com
Web: www.suiderkruis.com
Facebook: suiderkruis

31 OKTOBER 2021

DAGBOEK

VANDAG

HERVORMINGSONDAG

- 08:00 Koffie en tee in die foyer
- 09:00 Oggenddiens (Ds Coenie)
- 10:00 Koffie en tee in die foyer
- 18:00 Reguitstr 13+
- 18:00 Belysel

DINSDAG 2 November

- 18:00 Kerkraadsvergadering

SONDAG 7 November

- 08:00 Koffie en tee in die foyer
- 09:00 **Feesdiens & nagmaal (Ds Coenie) – 65 jaar van genade**
- 09:00 Kinderkerke
- 10:00 Koffie en tee in die foyer
- 12:00 **Feesete in die tuin**
- 18:00 Uitreik

VIND RUS IN DIE STORM

Ek kom vind rus in die storm
Vrede in my bloeiende hart se trane
Besef gister se norm was brandarm
Want môre wink goue lane

In my seer leer ek 'n yslike waarheid
Ek besef weereens wat is genade
My som se antwoord dankbaarheid
Vir genade al die vyfde dekade

Al woed dit alkant rondom my
Al sny die noordpool se windjie
Weet ek HY stap dig aan my sy
Hy beskerm my soos 'n kindjie

Vrede daal sagges oor my neer
Deurvloei vredevol hart en siel
Ek het weereens so baie geleer
En ek sien hoe draai die wiel

Genade so onbeskryflik groot
Ook 'n mens word gebore uit pyn
En 'n lied ongekomponeer sonder noot
So hou trane wat vloei my hart in lyn

* stellie*
© ~woorde ~@Harts.tjoklits



SENIOR BURGER ETE

[Persone 60 jaar en ouer]

Ons nooi u hartlik uit na ons Senior Burger Ete op Donderdag 11 November 2021 om 11:00. Indien u gade jonger as 60 jaar is, is hy/sy welkom om saam te kom. Dit belooft om weer 'n wonderlike oggend te wees. Meer besonderhede volg later.

BELANGRIKE DATUMS

7 November	:	Gemeente feesnaweek
11 November	:	Senior Burger Ete
14 November	:	Kinderkerssangdiens
21 November	:	Kerssangdiens

GEBED VIR ALMAL IN EKSAMENTYD

Ons dink aan al ons leerders, matrikulante en studente wat gaan eksamen skryf:

Here, Ek bid vir U teenwoordigheid wanneer hulle lang ure moet studeer.

Dankie dat U weet hulle word moeg, gee hulle asseblief krag.

Ek weet U Gees bly in hulle in die eensame ure wat voorlê.

Maak hulle verstand helder ...

Hulle gedagtes skerp ...

Hulle hart rustig ... asseblief Here.

Here, help hulle om getrou te werk en te volhard - al raak hulle moed min.

Laat hulle nee sê vir mense en dinge wat hulle aandag wil aflei.

Baie dankie vir hulle goeie verstand ...

vir hulle gesondheid ...

vir almal wat in hierdie tyd vir hulle bid ... en vir hulle sorg. Dankie dat U hulle liefhet.

Ek glo U sal hulle vashou en U kan hulle dra deur die eksamen ... ek wil U daarmee eer. Amen.



- *Skrywer onbekend*

Jy hoef nie jouself eers te verander voordat jy jou na God wend nie, want omdat jy jou na Hom wend, sal jy verander.



DOEN OOK DAARDIE TWEDE 50%
Spreuke is nie slegs mooi klinkende waarhede nie. Vat maar Spreuke 10:15 se 183 verse. 'n Volle 163 hiervan is teenstellings. Hierdie 163 verse werk met twee teenoorgestelde waarhede en twee maniere van leef. In gewone taal: "n Dwaas maak só, maar 'n wyse mens maak só."

Ons is goed daarmee om die eerste kant raak te sien, dwase en skelms s'n. Saam met Spreuke 10 se eerste kant, weet ons baie goed dat dwase se

oorhaastige woorde moeilikheid bring (Spreuke 10:14). Of dat dit lei tot woede en sonde (Spreuke 10:19, 32).

Om egter net hierop te fokus, is nog nie wysheid nie. Wysheid gaan juis oor die tweede kant. Wyse mense sien dwaasheid raak, maar praat dan met insig. (Spreuke 10:14a) Hulle sien dwase praat oorhaastig, maar tel hulle eie woorde (10:19b en 32a).

Vir Spreuke gaan die lewe oor teenstellings tussen dwaasheid en wysheid. Die regte manier van leef voor God gaan oor die reg-doen-kant. Wysheid vra dat jy nie heeltyd jou bloeddruk opwerk oor alles wat verkeerd is nie. Dit vra dat jy elke slag raaksien

hoe wyses in sulke situasies optree. Jyself kies ook om met wysheid te leef. Te midde van dwase en skelms leef jy eerlik. Jy vrees die Here, help armes en jy praat met insig. Jy leef wys. Jy leef daardie tweede 50%. **-Stephan Joubert [eKerk]**

VERJAARSDAGHOEKIE

Vandag: Pieter vd Linde, Henda van Schalkwyk, Dillon Viljoen

1 November: Geen verjaarsdae

2 November: Nicolene Pretorius, Hermien van Zyl

3 November: Joey Bubb (**90 jr**), Bella Tesnaar, Sharon van Graaff

4 November: Heinrich Blom

5 November: Geen verjaarsdae

6 November: Erich-Hein Botha



NB: Indien u naam nie op die weeklikse verjaarsdaglys verskyn nie, kontak asb die kerkkantoor sodat ek kan vasstel waar die probleem is. **- Elize**



SUID WORD 65

Ons gemeente is hierdie jaar 65 jaar oud! In mense-terme is dit al redelik senior maar in kerk-terme is dit nog baie jonk want kerke word honderde jare en selfs duisende jare oud!

Ons vier DV ons gemeente se verjaardag aan die begin van November met 'n groot feesdag (as die regulasies dit toelaat). Ons sal later baie meer hieroor vertel en julle solank opgewonde maak daarvoor. En soos dit is met verjaarsdae, gee mens gewoonlik 'n geskenkie vir iemand wat verjaar.

Wil jy nie asb dit oorweeg om vir die gemeente vir haar 65e verjaardag 'n kontantbedraggie van R65 te gee nie? Jy is welkom om baie meer te gee en as dit vir jou moeilik is, kan jy gerus ook minder gee.

Ons het die drie maande van September tot November opsygesit as ons 65-fees. Betaal gerus enige tyd in hierdie drie maande jou verjaardaggeskenkie by die kerkkantoor in (of via elektroniese oorplasing) en merk dit as 65-fees. Baie dankie vir elkeen se deelname!

-ds Coenie

METODES VAN DANKOFFERINBETALINGS

Debietorderopdrag: Vorms is in die voorportaal beskikbaar

Koeverte: In voorportaal beskikbaar

Elektroniese betaling (eft) of Zapper:

Bankbesonderhede:

NG Kerk Potch-Suid

Absa, Tjekrekening,

Nr 680580049

Takkode 632005



U is welkom om enige van bg metodes te gebruik om u dankoffer in te betaal.



AS DIT DONKER IS OM MY:

As jou kragte wil ingee

Neem tog weg die smart waarmee U my getref het. Die las wat my opgelê het, laat my krag ingee. –Psalm 39:11

In die Ou-Testamentiese tyd het die mense alles, ook die negatiewe dinge wat met hulle gebeur het, aan God toegeskryf.

Die digter van Psalm 39 doen dit ook, maar tog hou hy nie op om op God te hoop nie. Vandag weet ons, wat anderkant die kruis leef, dat God wel die negatiewe dinge in ons lewe toelaat, maar dat dit nie noodwendig sy wil is nie. Hy bring dit nie oor ons nie. Met hierdie dinge wil Hy ons geloof toets. Met probleme in ons lewe laat God ons as't ware "eksamen skryf", kyk Hy hoe ons in die geloof vaar as dinge vir ons moeilik begin word. Wat doen jy met die krisis in jou lewe? Blameer jy vir God soos Dawid, Job en Jeremia by tye gedoen het? Of het jy al geleer om aan God vas te hou midde-in jou krisis?

"U is my enigste hoop. U alleen sorg vir my." Bely die psalmdigter (v8, 13). En hierdie belydenis is vandag steeds waar vir elkeen van God se kinders. Daardie tye wanneer jou eie krag wil ingee, is God se wonderwerkende krag nog altyd tot jou beskikking.

Onderstreep gerus Jesaja 40:31 in jou Bybel as jou eie las so swaar word dat jou krag wil ingee: "Dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie."

Hemelse Vader, baie dankie dat U krag altyd tot my beskikking is wanneer my eie krag te min raak. Gee dit asseblief ook vandag vir my. Amen.

-Nina Smit



Kinderhoekie

Lees
Daniël 6:1-29

DANIËL IN DIE LEEUKUIL

Maats, voltooi die ontbrekende woorde in die vers hieronder.
Verbind die kolletjies en daarna kan die die prentjie mooi inkleur.

[28] Hy ___ en _____,
Hy doen tekens en wonders
in die _____ en op die _____;
Hy het Daniël uit die kloue van die _____ gered."

